

Sing vooraf: Skrifberyming 2-3:1 (32:1)

- 1 Toe het die hoë lug gebeef / en eng'lestem het neergesweef:
Nou is die koninkryke weer / die eiendom van onse Heer
en van sy Ryksgesalfde wat / die wêreld in sy vuus omvat.
Hy sal – beslis is nou die stryd – / as Koning heers in ewigheid.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 149:1 (p. 715)

- 1 Sing tot Gods eer met lof en dank / 'n nuwe lied met nuwe klank, / o al sy gunsteling!
Laat Isr'el voor sy Maker juig, / laat Sion voor sy Koning buig, / die HEER van alle dinge!

Gebed

Skrifberyming 18-3:4, 7 (29:4, 7) Melodie: Ps 149

- 4 Die oudstes, om die troon geskaar, / en viertal wesens wonderbaar
het neergeval tesame. / Hul het die sterke God aanbid
wat op sy hoë magstroon sit, / met "Halleluja, Amen!"
- 7 Hul sing die "Halleluja" weer. / "Want," sê hul, "onse God en Heer
is aan sy Woord gedagtig: / die groot verlossingsdag is daar,
Hy het die koningskap aanvaar / en heers as God almagtig."

Skriflesing: Matteus 6:5-13 en 1 Korintiërs 15:20-28

Teks: 1 Korintiërs 15:28; Kategismus Sondag 48

En wanneer alles aan Hom onderwerp is, dan sal ook die Seun self Hom onderwerp aan die Een wat alles aan Hom onderwerp het, sodat God alles in almal kan wees. (1 Korintiërs 15:28 AFR1953)

Daar is nie een van ons wat nie goed besef hoe magtig die Satan en sy magte is nie.
Daarom moet ons steeds meer en meer bid dat die koninkryk van God in die wêreld
gestalte moet vind.

Maar by die besef dat die Here se koninkryk ook in ons lewens gestalte moet kry, is daar
dinge wat ons kortwiek. Kom ons gee in hierdie preek aandag aan die volgende aspekte
wat die koms van die koninkryk van die Here raak:

- 1. Satan is 'n troondief.**
- 2. Die Here troos ons.**
- 3. Waar pas ek in?**

1. Satan is 'n troondief.

Die Satan is 'n troondief. Sy hele geskiedenis getuig daarvan.

- Eers het hy in die hemel probeer om God se troon te steel.
- Daarna het hy in die Paradys probeer om die mens van God af te steel.
- Dink maar net aan die openbaring van die Ou Testament. Hoe dikwels het hy die volk van die Here met sondes verlei, sodat God vir hulle kwaad geword het, en hulle met die dood van duisendes gestraf het.

Vandag werk die duiwel natuurlik met meer spoed onder die mense as ooit tevore, want sy tyd raak min!

- So gaan hy aanhou tot met die wederkoms van die Here Jesus.
- Elke gelowige weet dat God dit aan ons openbaar dat sy ryk nie sonder weerstand kom nie. Dit kom met groot stryd teen die Satan en sy magte.

Die feit is dat daar twee koninkryke is.

- Daar is die ware koninkryk van God en dan is daar 'n valse ryk – die duiwel se ryk.
- Laasgenoemde is bloot 'n namaaksel wat geen heerlijkheid besit nie. Dit is waarom die duiwel en sy ryk op elke vlak probeer om die ryk van God teë te werk.

Dit is nie vir die duiwel maklik om al sy vergesigte in plek en reg te kry nie.

- Hy kan byvoorbeeld nooit met die waarheid vorendag kom en in eerlikheid hom as God bekendstel nie.
- Daarom gebruik hy die leuen en probeer hy voortdurend om met revolusie en opstand die kerk en God se koninkryk te vernietig.
- Ons lees dat tot die engele in die hemele voortdurend in stryd is met die Satan se engele.

2. Die Here troos ons.

Gelukkig het die Here vir u 'n baie ryk troos. God openbaar aan u dat die Here Jesus Christus reeds die krag van Satan en sy engele gebreek het.

- Hy het in sy stryd teen hierdie ryk gaan sterf.
- Hy het met sy liggaam opgestaan uit die dood en weer lewend geword.
- Dit openbaar hoe beperk die duiwel se mag is – hy is so onmagtig teen die Here dat Hy nie kon verhoed dat Jesus weer lewendig word en uit die dood opstaan nie.

Dit beteken nou nie dat ons stryd teen die duiwel verby is nie. Die Here het die duiwel op die aarde neergewerp, en hier het hy nog bewegingsvryheid om alles wat hy kan, te vernietig.

Daarom leer die Here Jesus ons dat ons moet bid dat sy koninkryk moet kom.

- Elke mens – die hele strydende kerk – moet voortdurend bid dat die koninkryk van God moet kom.
- Die rede is mos voor die hand liggend: so lank as wat ons op hierdie aarde is, sal ons teen die duiwel moet baklei.
- Daarom moet ons bid dat God se koninkryk in sy volmaaktheid kom, sodat ons stryd teen die duiwel in God se oorwinning mag oorgaan.

Kom ons kyk net eers na die betekenis van die woord *koninkryk*.

- God se koninkryk is nie net 'n plek nie, dis ook die werke van die Here.
- Die koninkryk van God is die regering van God van ewigheid tot ewigheid.
- Daarby is dit nog die regering van God oor alle dinge wat ons nou ken, soos die hemel en die aarde.
- Nog meer as dit is dit ook nog God se regering oor en beskikking van die nuwe hemel en die nuwe aarde waar Hy alles sal wees in almal.

Dink hier maar aan Psalm 99:1 en 2 waar daar staan dat die Here Koning is wat die volke laat bewe, en wat oor die gerubs troon, en die aarde laat sidder!

Die HERE is Koning; laat die volke bewel! Hy troon op die géruks; laat die aarde sidder! Die HERE is groot in Sion, en verhewe is Hy bo al die volke.
(Psalm 99:1-2 AFR1953)

In die hiernamaals sal die kerk nie meer teen die duiwel stry nie.

- In God sal die kerk die oorwinnaar wees oor die duiwel. Hy sal die duiwel en al sy magte en aanhangers verwyder en verseël.
- Daarom word die kerk daar die triomferende kerk genoem omdat hierdie gebed dan vervul sal wees.

Maar dit is nog nie al wat mens van die koninkryk van God kan sê nie.

- Die regering van God gaan ook nog oor die Satan en al sy duiwels.
- Die duiwel kan niks iewers doen sonder dat die Here hom nie daarvoor toestemming gee nie.

Oor ons regeer die Here deur sy genade heeltemal anders as oor die duiwels.

- Enige mens wat gelowig is, weet dat ons nooit in ons eie krag in hierdie koninkryk van God sal kan ingaan nie.
- Ons is so deurdrenk van die sonde dat ons in ons onheiligheid bitter min bydrae kan maak dat die koninkryk van God moet kom.

Daarom moet ons die deel van die *Onse Vader* waar ons bid dat die koninkryk van God moet kom, voortdurend bid.

- Met hierdie gebed smee ons die Here dat Hy my so met sy Woord en Gees moet regeer dat ek, hoe langer ek lewe, my al hoe meer aan Hom onderwerp.
- Dis omdat ons ons ellendes en swakheid besef dat ons met hierdie gebed op ons knieë gaan.

Ons bid hiermee vir krag en vir gehoorsaamheid –

- krag om God se strydere te kan wees, en om alles wat verkeerd is te kan aandurf, en die verkeerde te oorwin; en
- gehoorsaamheid om te luister as die Here aan ons openbaar dat ons dinge doen wat nie reg is nie.

3. Waar pas ek in?

As ons die verklaring van hierdie gedeelte in die Kategismus lees, sien ons die troos van die saak baie mooi raak:

- Ons bely dat ons nie ééndag eers burgers van God se koninkryk sal word nie. Ons is dit al klaar.
- Ons is net slegte onderdane wat moet verbeter.
- Daarom bid ons dat die Here ons nou al – as deel van die koms van sy koninkryk – moet verander sodat ons beter aanbidders van sy majesteit mag word.

Kom ons kyk na ons verantwoordelikheid in hierdie saak.

- Die Bybel leer mos dat die uitgange van die lewe uit die hart is – met ander woorde ons vertrekpunt in die lewe en ons verhouding met God kom uit ons binnekant uit.
- Prakties: Ons kan nie in die geheim aan die Here behoort nie. Ons hele lewe moet dit weerspieël.

Die koninkryk van God kom ook deur dié wat Hom bely, met ander woorde deur ons gehoorsaamheid.

- As ons vandag rondkyk, is daar een saak wat baie vasstaan: Mense oor die algemeen het nie baie tyd vir God nie, wat nog van gehoorsaam wees aan Hom.
- Juis omdat daar so min eerbied vir die Here is, moet ons hierdie gebed aanhou bid.

Luister na wat die Here Jesus self sê:

En hulle sal nie sê: Kyk hier! of: Kyk daar! nie; want die koninkryk van God is binne-in julle. (Lukas 17:21 AFR53)

Die bedoeling is nie net dat die gebed 'n gedaantewisseling onder die mense na buite teweeg moet bring nie.

- Daar moet ook 'n gedaantewisseling binne die kerk ontstaan.
- Die kerk is die leer van die Here Jesus Christus, maar hierdie strydende leer moet op 'n punt kom waar hy sy volle wapenrusting tot eer van God aanwend teen die Satan.

Die gebed is dus ook tekenend van die erns van die kerk wat tussen gevare leef, en besef dat die duiwel hom wil uitwis, en nou na die Almagtige toe gaan vir hulp en beskerming.

Geliefdes, kom ons bid hierdie gebed met groot erns omdat ons verlang na die dag van die Here se wederkoms.

- Daardie dag is ons stryd verby.
- Daardie dag betree ons die koninkryk van God – die koninkryk van die volmaaktheid waar God alles is in almal.

Kom ons kyk wat leer ons belydenis in die Heidelbergse Kategismus hiervan in Kategismus Sondag 48:

Vraag 123: Wat is die tweede bede?

Antwoord: Laat u koninkryk kom. Dit is: Regeer ons so deur u Woord en Gees dat ons ons hoe langer hoe meer aan U onderwerp (a). Bewaar u kerk en laat dit groei (b). Vernietig die werke van die duiwel, elke mag wat teen U opstaan, en alle kwaadwillige planne wat teen u heilige Woord bedink word (c), totdat die volkomenheid van u ryk kom (d), waarin U alles in almal sal wees (e).

(a) Ps 143:10; 119:5; Matt 6:33. (b) Ps 51:20; 112:6. (c) 1 Joh 3:8; Rom 16:20. (d) Op 22:20; Rom 8:22, 23. (e) 1 Kor 15:28.

Amen

Slotgebed

Slotpsalm 142:1, 4 (p. 686)

- 1 Ek roep tot God met groot geluid; / ek stort my klag soos water uit;
ek klaag my node in Gods oor, / want Hy sal my gebed verhoor.
- 2 Wanneer my gees van druk versmag, / ken U my pad in lydensnag.
Hul het hul vangnet, HEER, vir my / arglistig op my weg gesprei.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 3 Januarie 2010
Gereformeerde Kerk Clanwilliam. Datum: 9 Maart 2014